.

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TIMMERWERK EN DAKWERK

NKR VLAK 4

(12030504)

12 Maart 2018 (Y-Vraestel)
(13:00–16:00)

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

VRAAG 1

1.1 Kies ‘n term uit KOLOM B wat by ‘n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Balk wat ‘n vloer ondersteun	A	binnemuur
1.1.2	Ondersteun die afwaartse krag van die geiser in plaas van om meer spanning op die kappe te plaas	B	kap
		C	drupbak
1.1.3	Raam wat die dakbedekking of rif ondersteun	D	bindbalk
		E	moerbalk (drabalk)
1.1.4	Versamel enige lek- of oorvloei water van ‘n geiser		
1.1.5	Onderste horisontale deel van ‘n dakkap		

(5 × 1) (5)

1.2 FIGUUR 1 hier onder toon die planaansig van ‘n tweeslaapkamer woning met ‘n skilddakstruktuur. Die plan is aan die regterkant van A–D genommer wat sekere areas op die plan aandui.

As die argitek besluit om die geiser op die plafon van die huis te posisioneer, dui die beste posisie aan waar die geyser se ondersteuningsplatform geïnstalleer moet word deur slegs die nommer A–D langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer te skryf en motiveer jou antwoord.



Source: *www.biteinto.info*

(5)

FIGUUR 1

1.3 Noem DRIE redes waarom kapdele wat die installasieproses van die geiser verhinder, NIE verwyder moet word nie. (3)

1.4 Bykomend tot die timmerman, noem TWEE ander vakmanne wat ook by die installasie van 'n geiser betrokke is en noem 'n beskrywing van hulle onderskeie take. (2) **[15]**

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE voordele van die installasie van 'n gipsbordplafon in 'n kantoorarea of woonhuis. (3)

2.2 Noem DRIE tipes materiaal wat algemeen in die vervaardiging van *kroonlyste* gebruik word. (3)

2.3 Noem TWEE redes waarom kwasdenplafonne kan sak. (2)

2.4 Verduidelik hoe die spasiëring van dakkappe wat met dakteëls bedek is, die temmerman se werk by die installering van 'n valdeur, kan vergemaklik. (2)

2.5 Noem DRIE redes waarom dit die beste is om 'n valdeur in die gang te installeer. (3)

2.6 Noem die standaardgrootte van plafonlatte wat gebruik word om gipsbordplafonne te heg as die dakkappe 760 mm uitmekaar gespasieer is. (1)

2.7 Noem TWEE voordele van die gebruik van glasvesel as isoleermiddel op 'n plafon. (2)

2.8 Wat is die voordele en nadele van gipsbordplafonne en tong-en-groef plafonne (Suid-Afrikaanse dennehout)? (8)

2.9 Dit is baie belangrik dat die plafonlatte wat aan die onderkant van die bindbalke van die dakkappe gespyker word, waterpas belyn word voordat die plafonplate geïnstalleer kan word.

Verduidelik hoe jy die twee teenoorgestelde plafonlatte wat parallel met die twee mure loop, waterpas sal belyn. (6)
[30]

VRAAG 3

3.1 Noem TWEE voordele van 'n hout hangvloer in 'n woonhuis. (2)

3.2 Noem VIER redes waarom jy eerder 'n betonvloer in plaas van 'n hout hangvloer sal installeer. (4)

3.3 Noem TWEE voordele in die gebruik van gelamineerde hout as vloer drabalke (moerbalke). (2)

3.4 Verduidelik waarom dit belangrik is vir die installering van 'n ventillasieopening onder 'n hang houtvloer (2)

Kopiereg voorbehou

3.5 Die beskerming en preservering van die hout van ‘n hang houtvloer is een van die mees belangrike faktore wat die leeftyd en duursaamheid van so ‘n vloer sal bepaal.

Noem VYF metodes wat jy sal toepas om die hout te beskerm en te preserveer wat die leeftyd en duursaamheid van so ‘n konstruksie sal verleng. (5)

3.6 Die SANS 2001-CT1 voorsien baie streng reëls en riglyne betreffende die boor van gate vir geleibuise in vloerdrabalke.

Bespreek die reëls en riglyne vir die veilige boor van gate in vloerdrabalke. (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Maak gebruik van die opskrifte in (4.1.1–4.1.3) en verduidelik die prosedures wat jy sal volg om ‘n holkerndeur in ‘n houtdeurraam te installeer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Inspekteer die houtraam (4)

4.1.2 Merk, bewerk en hang die deur (8)

4.1.3 Pas ‘n tweeklawerslot (maak gebruik van handgereedskap en ‘n elektriese boormasjien) (6)

4.2 Verduidelik hoe jy sal bepaal of ‘n deur ‘n linkerhanddeur is. (2)
[20]

VRAAG 5

5.1 Vergelyk en bespreek die voordele en nadele van melamienbedekte spaanderhoutprodukte en soliede houtprodukte. (12)

5.2 Noem DRIE dinge wat jy sal kontroleer voordat jy begin om enige komponente van ‘n kas teen ‘n muur te herstel. (3)
[15]

TOTAAL: 100

NCV

Kopiereg voorbehou